

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 25 Jul 2018
Page: 12

AVE: 47584.27
Circulation: 45000
Part: 1 of 1


# UP-Tuks wen Carltonbeker

**Morris Gilbert**



**Die Carltonbeker kry 'n klapsoen van Steven Moir, losskakel van UP-Tuks. Moir het 'n reuse-aandeel in sy span se oorwinning met 49-32 teen Naka Bulle in die Carltonliga-eindstryd gehad deur 24 punte met skoppe aan te teken.** Foto: JOHANNA DE VOS

Die ewigdurendheid van een van rugby se bekendste gesegdes, dat stelskopwerk die verskil tussen wen en verloor kan maak, is die afgelope Saterdag opnuut benadruk deur UP-Tuks se oorwinning met 49-32 teen Naka Bulle in die 2018-eindstryd van die gesogte Carltonbeker.

Albei spanne het vyf drieë gedruk, maar dit was die kragtoer van die tuisspan se losskakel, Steven Moir, wat met kliniese skopwerk verseker het dat die kampioenskroon die eerste keer sedert 2015 weer deur UP-Tuks gedra word.

Moir het 'n persoonlike bydrae van 24 punte gelewer, wat uit ses strafdoele en drie doelskoppe bestaan het. Ongelukkig vir Naka was hul skoppers se korrel nie naastenby so akkuraat ingestel nie en kon hulle net sewe punte met skoppe aanteken. Dié verskil het uiteindelik die tuiste van die Carltonbeker bepaal en ook die belangrikheid van "grootwedstryd"-temperament herbeklemtoon.

In die eerste helfte was daar min tussen die twee spanne te kies, wat duidelik uit die rustydtelling van 23-22 in UP-Tuks se guns geblyk het. In die laaste 40 minute was dit egter UP-Tuks wat die inisiatief geneem en die druk op Naka laat oplaai het. In die proses het Naka te veel strafskoppe afgestaan, wat 'n skerpskutter soos Moir genadeloos tot UP-Tuks se voordeel uitgebuit het.

Kenners was dit ná die tyd eens dat UP-Tuks 'n waardige nuwe Carltonbeker-kampioen is. Onder hulle was Nollis Marais, wat lank as afrigter by TuksRugby betrokke was en as speler vir Naka in die Carltonliga gespeel het.

"Baie geluk met 'n oortuigende vertoning van wenrugby. UP-Tuks verdien die oorwinning én die kampioenskapstitel," meen Marais.

■ Stelskopwerk was ook deurslaggewend in die wedstryd tussen Impala en QBR in Rustenburg, wat altesame 109 punte en 16 drieë opgelewer het. Die enigste verskil tussen die twee spanne was dat Impala 19 punte met skoppe aangeteken het en QBR net 10. Impala het met 59-50 gewen.

■ Ná UP-Tuks se sege oor Naka en dié van Impala oor Quins-Bobbies is die finale stand van spanne op die Superliga-puntelys vasgestel. UP-Tuks eindig eerste en speel op 4 Augustus tuis teen QBR, wat die vierde plek beklee. In die ander halfeindstryd speel Impala (2) tuis teen Naka (3).

■ Puntemakers en uitslae, soos verskaf deur Johanna de Vos.

**Eerste spanne**

**UP-Tuks 49 (23), Naka Bulle 32 (22)**

**TUKS: Drieë:** Brian Leitch, Armandt Jordaan, Theuns Reynolds, Ian Oosthuizen, Raegan Oranje. **Doelskoppe:** Steven Moir (3). Strafdoele: Moir (6).

**NAKA BULLE: Drieë:** Riekert Korff (2), Ian van Deventer (2), Frans Botha. **Doelskoppe:** Anton Beswick (2). **Strafdoel:** Anton Beswick.

**Impala 59 (28), Quins-Bobbies 50 (19)**

**IMPALA: Drieë:** Justin Wheeler (2), Aubrey McDonald (2), Tiaan Nel, Cecil Dumond, McDonald Duma, Maverick van der Merwe. **Doelskoppe:** Trevor Visser (8). **Strafdoel:** Trevor Visser.

**QBR: Drieë:** Pule Sibiya (3), Jan-Hendrik Bosman, Kowie Roos, Johan Pretorius, Jacobus Botha, Hendrik van der Nest. **Doelskoppe:** Ivan Venter (3), Jacobus Botha (2).

**Tweede spanne**

Tuks Fezelas 31 (17), Naka Bulle 23 (10); Impala 98, QBR 12.

**Derde spanne**

Naka Bulle 26, Tuks-Pumas 10; QBR 40, Impala 26.


This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.